ABSA
ABSA Bank Beperk, Reg No 1986/004794/06

ABSA Bank Limited

(Reg No 1986/004794/06)

Member of BARCLAYS

# Afbetalingsverkoopooreenkoms (Belastingfaktuur)

**VERTROULIK**

BTW-Nr: 4940112230
Kontrak -Nr: 85399336

CSA-verw

Tussen ("ons"): ABSA BANK LIMITED

van ("ons besigheidsadres"): ROGERSTRAAT 9, BELLVILLE, 07536

en ("u") GEORGE MUNICIPALITY Vat No:4630193664

van (u besigheid se straatadres of u woonadres)

YORKSTRAAT, GEORGE, 6529

Ons verkoop die goedere wat hieronder beskryf word ("die goedere") aan u en u koop die goedere by ons en kom ooreen om die paaiemente wat hieronder uiteengesit is kragtens die bepalings en voorwaardes van hierdie ooreenkoms te betaal.

Beskrywing van die goedere NEW 2014 NISSAN NP200

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Fabrikaat | NISSAN | Model | | Jaar van eerste registrasie | 2014 |
| Enjinnommer | K7MF710UH81238 | Onderstel | ADNUSNID5U0077083 | Reeksno | |
| Registrasieno | | Kilometerlesing | 0 | | |

Gekwoteerde koers finansieringskoste per jaar 8.630% vas, wat 0.370% onder die prima uitleenkoers.

| Koopprys | | | Heffings wat by die hoofskuld ingesluit is (spesifiseer) | | | Aanvanklike paaiement | | | Verhaalbare bedrag | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kosprys van die goedere | R | 99184.36 | Versekering | R | 0.00 | *Inruilwaarde | R | 0.00 | Totaal A | R | 113070.17 |
| Kosprys van ekstras | R | 0.00 | KLV | R | 0.00 | *Kontant | R | 0.00 | + | | |
| BTW | R | 13885.81 | *Waarborge | R | 0.00 | | | | Totaal B | R | 0.00 |
| | | | Herstelstelsel | R | 0.00 | | | | Subtotaal | R | 113070.17 |
| | | | | | | | | | Totaal C | R | 0.00 |
| Totaal A | R | 113070.17 | Totaal B | R | 0.00 | Totaal C | R | 0.00 | Hoofskuld | R | 113070.17 |
| | | | | | | | | | Finansieringskoste | R | 21361.64 |
| | | | | | | | | | Verhaalbare bedrag | R | 134431.81 |

Uiteensetting van ekstras (BTW uitgesluit)

| | |
|---|---|
| R 0.00 | R 0.00 |
| R 0.00 | R 0.00 |
| R 0.00 | R 0.00 |
| R 0.00 | R 0.00 |
| R 0.00 | R 0.00 |

Betalingstruktuur van paaiementbetalings

Begindatum 20140522 | Einddatum 20181230

## SKEDULE AANGEHEG

plus 'n maandelikse/kwartaalliksel/halfjaarlikse/jaarlikse diensfooi van R 342.00 wat u op 'n paaiementbetalingsdatum moet betaal.

## DEBIETORDERMAGTIGING

U magtig ons (of enige persoon wat ons aanwys om dit namens ons te doen) om u rekening:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rekeningno | 1022220981 | Klaringsno | 632005 |
| By (bank) | ABSA BANK LIMITED | Tak | ABSA ELECTRONIC SETTLEMENT |

met die bedrae wat u kragtens hierdie ooreenkoms aan ons skuld, op die datums waarop u die bedrae kragtens hierdie ooreenkoms aan ons behoort te betaal, te debiteer sonder dat ons nodig het om weer magtiging vir hierdie debiete van u te kry.

Rekeninghouer

*BTW ingesluit waar aangedui, asook op alle paaiementbetalings

Adres van die perseel waar die goedere normaalweg gehou word: YORKSTRAAT, GEORGE, 6529

Indien van toepassing, die naam en adres van die verhuurder van die perseel wat hierbo genoem word:

Geteken te GEORGE op 23/5/2014

2766291

Handtekening (Verkoper) Getuie 1 O.C. VERMEULEN 5010055 Getuie 2

Geteken te GEORGE op 23/5/2014

Handtekening (Koper) Getuie 1 O.C. VERMEULEN 5010055 Getuie 2

Identiteitsno (Koper)

Geteken te op

Handtekening (**Gade/***Voog) Getuie 1 Getuie 2

**** U gade moet ook hierdie dokument in die teenwoordigheid van twee getuies onderteken indien u binne gemeenskap van goedere getroud is, tensy u hierdie ooreenkoms in die normale gang van u besigheid of professie aangaan.**

***** Indien u 'n minderjarige is, moet u voog hierdie dokument ook onderteken.**

**Konfidensieel**

# Bepalings en voorwaardes: Afbetalingsverkoopooreenkoms

1 **HOE OM HIERDIE OOREENKOMS TE VERTOLK**

1.1 In hierdie ooreenkoms het die woorde aan die linkerkant die betekenis soos aan die regterkant uiteengesit, tensy dit duidelik uit die konteks blyk dat die partye 'n ander betekenis bedoel het:

| | | |
|---|---|---|
| **1.1.1** | **Afbetalingsverkoop-ooreenkomsrekening** | beteken die rekening wat in u naam by ons geopen is waarteen ons die bedrae wat u ons kragtens hierdie ooreenkoms skuld sal debiteer. |
| **1.1.2** | **Besigheidsredding** | beteken rehabilitasiepogings vir 'n maatskappy of beslote korporasie wat finansieel in die nood is, soos in die Maatskappywet 71 van 2008 bedoel. |
| **1.1.3** | **Borg** | beteken 'n persoon wat onderneem om die bedrag wat ingevolge hierdie ooreenkoms verskuldig is ten volle of gedeeltelik te betaal in geval u wanpresteer. |
| **1.1.4** | **BTW** | beteken belasting op toegevoegde waarde wat volgens die Wet op Belasting op Toegevoeg Waarde 89 van 1991 betaalbaar is. |
| **1.1.5** | **Novasie** | beteken die proses waarvolgens 'n bestaande ooreenkoms gekanselleer en met 'n nuwe ooreenkoms vervang word. |
| **1.1.6** | **Ons** | beteken Absa Bank Beperk (registrasienommer 1986/004794/06) 'n openbare maatskappy behoorlik geregistreer as 'n bank ingevolge die wette van die Republiek van Suid-Afrika met geregistreerde adres te 3de verdieping, Absa Toringblok Oos, Mainstraat 170, Johannesburg, 2001. |
| **1.1.7** | **Ooreenkoms** | beteken hierdie afbetalingsverkoopooreenkoms en alle sekuriteitsdokumente (die sessie waarna in klousule 8,2 verwys word ingesluit) soos van tyd tot tyd gewysig, vervang of herbevestig mag word. |
| **1.1.8** | **Persoon** | beteken 'n individu en 'n regspersoon, tensy die konteks duidelik slegs die een of die ander beteken. |
| **1.1.9** | **Prima koers** | beteken die openbaar gekwoteerde prima rentekoers (persent per jaar, maandeliks agterna saamgestel en bereken op 'n jaar van 365 dae al is die jaar 'n skrikkeljaar) wat Absa Bank Beperk van tyd tot tyd as sy prima koers publiseer en soos deur enige van sy bestuurders, wie se gesag, aanstelling en ampsbenaming nie bewys hoef te word nie, gesertifiseer is. |
| **1.1.10** | **Regspersoon** | beteken 'n entiteit, byvoorbeeld 'n maatskappy, wat deur die wet as 'n afsonderlike regspersoon beskou word. |
| **1.1.11** | **Sakedag** | beteken enige dag wat nie 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag in Suid-Afrika is nie. |
| **1.1.12** | **Sekuriteitsdokume** | beteken 'n geskrewe dokument wat die sekuriteit wat deur u of 'n derde party as sekuriteit kragtens hierdie ooreenkoms verskaf word, beskryf. |
| **1.1.13** | **Termyn** | beteken die duur van hierdie ooreenkoms van die begindatum tot die einddatum soos op die eerste bladsy van hierdie ooreenkoms aangedui. |
| **1.1.14** | **U** | beteken ons kliënt wat op die eerste bladsy van hierdie ooreenkoms by name genoem word. |
| **1.1.15** | **Uitstaande saldo** | beteken op enige tydstip die bedrag wat u kragtens die bepalings van hierdie ooreenkoms aan ons skuld en nog nie op daardie stadium aan ons betaal het nie. |
| **1.1.16** | **U perseel** | beteken u huis, kantoor of ander perseel waar u die goedere vir die duur van hierdie ooreenkoms normaalweg hou. |
| **1.1.17** | **Verskaffer** | beteken die vervaardiger, handelaar, invoerder, verspreider, kleinhandelaar of derdepartyverskaffer wat die goedere verskaf. |
| **1.1.18** | **Vervangingswaarde** | beteken die redelike vervangingswaarde van die goedere van tyd tot tyd wat, in die geval van 'n dispuut tussen u en ons, deur 'n waardeerder van die SA Instituut van Waardeerders, wie se besluit finaal en bindend op u en ons sal wees, bepaal sal word. |
| **1.1.19** | **Wet op Landdroshowe** | beteken die Wet op Landdroshowe 32 van 1944 en sy bepalings soos van tyd tot tyd gewysig of vervang. |
| **1.1.20** | **WVB** | beteken die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008 en sy regulasies, soos van tyd tot tyd gewysig of vervang. |

1.2 Verwysing na

1.2.1 een geslag sluit alle geslagte in;

1.2.2 die enkelvoud van 'n woord sluit die meervoud in;

1.2.3 die meervoud van 'n woord sluit die enkelvoud in;

1.2.4 'n wet of regulasie beteken die wet of regulasie soos op die datum waarop u hierdie ooreenkoms teken.

2 **TERUGBETALING**

2.1 U moet alle paaiemente wat u ons ingevolge hierdie ooreenkoms skuld in die bedrag voor of op die paaiementbetaaldatum wat op die eerste bladsy van hierdie ooreenkoms genoem word, betaal. U mag ons nie 'n bedrag in paaiemente wat minder is as die bedrag wat u kragtens hierdie ooreenkoms aan ons skuld, betaal nie. U moet alle paaiemente by ons besigheidsadres wat op die eerste bladsy van hierdie ooreenkoms genoem word, of enige ander adres waarvan ons u van tyd tot tyd skriftelik in kennis stel, betaal.

2.2 Ons en u kom ooreen dat ons die finansieringskoste wat u aan ons moet betaal soos volg bereken:

2.2.1 Indien die partye op die eerste bladsy van hierdie ooreenkoms op 'n vaste finansieringskoers besluit het, sal die koers van finansieringskoste tydens die termyn dieselfde bly.

2.2.2 Indien die partye op die eerste bladsy van hierdie ooreenkoms op 'n gekoppelde koers besluit het, kom ons en u ooreen dat die koers van die finansieringskoste met dieselfde aantal persentasiepunte as die verwysingskoers sal verander.

2.2.3 Indien die finansieringskoers onder 2.2.2 verander, mag ons, vir hierdie rede, elke uitstaande paaiementbetaling herbereken en u dienooreenkomstig inlig.

2.3 Indien u versuim om enige bedrag wat u kragtens hierdie ooreenkoms aan ons verskuldig is op die datum waarop dit betaalbaar is, te betaal, of as ons instem om enige betaling na 'n later datum uit te stel, sal ons daarop geregtig wees om 'n addisionele bedrag in finansieringskoste van u te hef, wat ons sal bereken op die uitstaande balans, die finansieringskostekoers vir elke jaar wat daardie tydstip op hierdie ooreenkoms van toepassing is en, soos die geval mag wees, die tydperk waartydens hierdie wanprestasie voortduur, of die tydperk waarvoor die betalingsdatum uitgestel word, welke finansieringskoste op die betaaldatums bereken en saamgestel word .

3 **DIE GOEDERE**

3.1 U sal:

3.1.1 die goedere in u besit en onder u beheer hou en dit in goeie en padwaardige toestand hou;

3.1.2 nie toelaat dat enige ander persoon die goedere sonder ons vooraf skriftelike toestemming gebruik nie, of toelaat dat enige ongekwalifiseerde of ongelisensieerde drywer of operateur die goedere gebruik nie;

3.1.3 die goedere nie sonder ons vooraf skriftelike toestemming uit die Republiek van Suid-Afrika verwyder nie;

3.1.4 die goedere normaalweg op u perseel hou. U moet ons onmiddellik per geregistreerde pos in kennis stel indien u hierdie perseel wil verander voordat u die goedere op 'n ander plek hou. Indien u die perseel huur, moet u ons ook onmiddellik per geregistreerde pos van die naam en adres van die verhuurder in kennis stel voordat u begin om die goedere by u perseel te hou;

3.1.5 die goedere nie op enige onwettige manier of vir enige onwettige doel, om mense vir wins te vervoer, of vir enige vorm van motorsport of enige ander gevaarlike aktiwiteit op 'n manier gebruik, wat enige eis ingevolge 'n versekeringspolis ten opsigte van die goedere nietig sal maak nie;



73

## 13 WANNEER U KRAGTENS HIERDIE OOREENKOMS WANPRESTEER

13.1 Ons mag, soos kragtens die wet toelaatbaar is, ons regte uitoefen, wat die onmiddellike opeising van agterstallige bedrae insluit, die ooreenkoms beëindig en enige sekuriteitsdokumente afdwing, sonder benadeling van enige van ons ander regte (dit is, sonder die uitsluiting van enige toekomstige optrede), indien enige van die volgende gebeure plaasvind:

13.1.1 U versuim om aan 'n wesenlike bepaling van die ooreenkoms of enige sekuriteitsdokument waarvan u 'n party is te voldoen, en u stel nie hierdie breuk binne 20 (twintig) sakedae nadat u 'n kennisgewing van ons ontvang het om dit te doen, reg nie.

13.1.2 Enige voorstellings of waarborg wat in verband met hierdie ooreenkoms gemaak is, of enige ander dokumente wat u in verband met hierdie ooreenkoms aan ons verskaf het wesenlike verkeerd of vals is (waar 'n waarborg verwys na u uitdruklike onderneming dat iets is of sal wees soos u dit aan ons voorgestel het of belowe het dat dit sal wees).

13.1.3 Enige persoon wat kragtens hierdie ooreenkoms vir u verpligting aan ons sekuriteit verskaf het (bv as borg, waarborggewer of pandgewer),wat sy verpligting teenoor ons ten opsigte van die toepaslike sekuriteitsooreenkoms wesenlik verbreek en daardie breuk nie binne 20 (twintig) sakedae na ontvangs van 'n kennisgewing van ons om dit te doen, regstel nie.

13.1.4 u of enige persoon wat sekuriteit ten opsigte van hierdie ooreenkoms verskaf het:

13.1.4.1 as individu:

13.1.4.1.1 'n kennisgewing publiseer dat u/hy vrywillglik u/sy boedel oorgee, of sterf;

13.1.4.1.2 onder administrasie geplaas word of 'n daad van insolvensie pleeg soos in die Wet op Insolvensie 24 van 1936 omskryf word;

13.1.4.1.3 enige aansoek of ander verrigtinge teen u/hom het ten opsigte waarvan 'n derde party versoek om u/hom te sekwestreer of onder kuratorskap te plaas – in enige geval, of dit voorlopig of finaal, vrywilliglik of verplig is;

13.1.4.2 wat nie 'n individu is nie:

13.1.4.2.1 gelikwideer, ontbind, gederegistreer of onder geregtelike bestuur geplaas is — in enige geval, of dit voorlopig of finaal, vrywilliglik of verplig is, of u/dit 'n resolusie passeer of 'n resolusie gepasseer word wat vir enige sodanige gebeure voorsiening maak;

13.1.4.2.2 u/dit behandel word asof u/dit nie in staat is om u skulde te betaal nie;

13.1.4.2.3 u/dit ooreenkom om vrywilliglik met besigheidsreddingsprosedures te begin of enige besigheidsreddingsprosedures teen u/dit begin is soos in artikel 132(1) van die Maatskappyewet 71 van 2008 aangedui word;

13.1.5 daar nie voldoen is aan 'n vonnis deur 'n bevoegde hof vir die beslaglegging van bates of vir die betaling van enige bedrag teen u of enige persoon wat sekuriteit vir u verskaf het nie binne 7 (sewe) dae na die datum waarop dit uitgereik is nie (waar beslaglegging verwys na die proses waarvolgens eiendom/goedere in bewaring geneem word as sekuriteit vir 'n vonnis of om verkoop te word om aan 'n vonnis uitvoering te gee; of

13.1.6 in die algemeen met krediteure 'n skikking bereik het of gepoog het om 'n skikking te bereik of uitstel gekry het vir die betaling van skuld wat u/dit aan krediteure skuld.

## 14 DIT IS U VERANTWOORDELIKHEID OM REKENINGSTATE NA TE GAAN

Dit is u verantwoordelikheid om die rekeningstate na te gaan. U moet ons binne dertig (30) dae na die datum op die bankstaat skriftelik laat weet as daar iets is waarmee u nie saamstem nie. As u dit nie doen nie, sal ons die rekeningstaat as korrek beskou. U moet dan bewys dat die rekeningstaat nie korrek is nie.

## 15 SERTIFIKAAT

'n Sertifikaat wat deur enige van ons bestuurders onderteken is, is voldoende bewys van enige bedrag wat u kragtens hierdie ooreenkoms aan ons skuld. Tensy u die teendeel kan bewys, kan ons hierdie sertifikaat gebruik om 'n voorlopige vonnis, 'n verstekvonnis of 'n summier vonnis te kry of om met enige ander regstappe te begin. U kom ooreen dat ons nie die aanstelling van die bestuurder wat die sertifikaat teken hoef te bewys nie.

## 16 GELDENDE WETGEWING EN JURISDIKSIE

Hierdie ooreenkoms word in alle opsigte (insluitend die bestaan, geldigheid, interpretasie, implementering, beëindiging en afdwinging daarvan) deur die wette van die Republiek van Suid-Afrika gereguleer. U kom ooreen dat ons vir hierdie ooreenkoms in enige Landdroshof wat die gesag het om die saak te verhoor en daaroor te beslis regstappe teen u kan instel. (Hierdie gesag word jurisdiksie genoem.) U stem in tot die jurisdiksie van die Landdroshof selfs al eis ons 'n bedrag van u wat hoër is as die Landdroshof se limiet. Dit verhoed ons nie om in 'n hooggeregshof met jurisdiksie regstappe in te stel nie.

## 17 BEPALINGS WAT IN DIE GEVAL VAN 'N TEENSTRYDIGHEID VAN GELD

Indien enige bepaling van hierdie ooreenkoms teenstrydig is met enige bepalings van die WVB, geld die bepalings van die WVB.

## 18 U GEKOSE ADRES

18.1 U kies die fisiese adres in Suid-Afrika, soos op die eerste bladsy van hierdie ooreenkoms as die adres waar u instem om enige kennisgewings te aanvaar wat ons aan u stuur (insluitend aanmaningsbriewe oor enige betaling kragtens hierdie ooreenkoms wat u nie gemaak het), waar ons enige prosesstukke mag beteken en enige vonnis mag uitvoer wat ons teen u verkry, en vir alle ander doeleindes van hierdie ooreenkoms. (Hierdie adres staan in die reg as u *domicilium citandi et executandi* bekend.)

18.2 Indien u die adres wil verander, moet u ons per geregistreerde pos in kennis stel. Die kennisgewing moet:

18.2.1 ons in kennis stel dat u van adres gaan verander; en

18.2.2 die nuwe adres bekend maak wat u ooreenkom om vir hierdie doel te gebruik. Hierdie nuwe adres moet 'n fisiese adres in die Republiek van Suid-Afrika wees.

18.3 Indien ons 'n kennisgewing:

18.3.1 per voorafbetaalde geregistreerde pos aan u adres stuur, aanvaar ons dat u dit binne 7 (sewe) dae nadat dit gepos is ontvang het;

18.3.2 per hand by u gekose adres afgelewer het, aanvaar ons dat u dit op die dag van aflewering ontvang het.

18.4 Wanneer ons aanvaar dat u 'n kennisgewing teen 'n sekere datum ontvang het, beteken dit dat ons nie hoef te bewys dat u dit toe ontvang het nie. Indien u beweer dat u die kennisgewing nie teen daardie datum ontvang het nie, moet u dit bewys.

## 19 ELKE KLOUSULE IS AFSONDERLIK

19.1 Die partye kom ooreen dat elke klousule van hierdie ooreenkoms afsonderlik is. Indien enige klousule van hierdie ooreenkoms om enige rede onwettig, ongeldig of onafdwingbaar is of word moet dit hanteer word asof dit nie by hierdie ooreenkoms ingesluit was nie. Dit

19.1.1 veroorsaak nie dat die res van die ooreenkoms onwettig, ongeldig of onafdwingbaar is nie; of

19.1.2 raak nie die wettigheid, geldigheid of afdwingbaarheid van enige ander klousule van hierdie ooreenkoms in sy geheel nie.

## 20 ONS VERBEUR NIE ONS REGTE NIE

Ons verbeur nie enige van ons regte kragtens hierdie ooreenkoms indien ons nie dadelik en elke keer daarop aandring of dit gebruik nie. Indien ons 'n reg het wat ons op enige tydstip nie afgedwing het nie, mag u dit nie as verweer gebruik nie. As ons byvoorbeeld in enige maand aan u ekstra tyd gee om u paaiement te betaal, beteken dit nie dat ons die volgende of enige ander maand ekstra tyd aan u gaan toegelaat het.

## 21 HIERDIE OOREENKOMS IS DIE HELE OOREENKOMS

Hierdie ooreenkoms is die enigste rekord van hierdie ooreenkoms tussen die partye oor die inhoud daarvan. Tensy 'n hof anders bepaal, is geen party verplig om aan enige bepaling, voorwaarde of onderneming wat nie in hierdie ooreenkoms aangeteken is te voldoen nie, en hierdie ooreenkoms vervang enige reëling of verstandhouding wat tussen partye bestaan het voordat hierdie ooreenkoms onderteken is.

## 22 SLUITING VAN EN VERANDERINGE AAN HIERDIE OOREENKOMS MOET OP SKRIF OF OPGENEEM WEES

22.1 Hierdie ooreenkoms is slegs geldig en die partye slegs wetlike verbind om daaraan te voldoen indien dit op skrif is en deur of namens alle partye onderteken is of op band opgeneem is, in welke geval ons 'n geskrewe weergawe van die ooreenkoms aan u sal stuur.

22.2 Om geldig te wees, moet alle veranderinge aan hierdie ooreenkoms op skrif en deur alle partye onderteken wees of opgeneem wees, in welke geval ons 'n geskrewe weergawe van hierdie ooreenkoms aan u sal stuur.

22.3 Tensy hierdie ooreenkoms anders bepaal, of tot die mate wat die wet toelaat, sal ons u ten minste 5 (vyf) sakedae geskrewe kennis gee van 'n verandering aan hierdie ooreenkoms en sal ons die besonderhede oor die verandering in die kennisgewing uiteensit.

## 23 LEWERING VAN GOEDERE, BEGIN VAN DIENSTE EN VERTRAGINGS WAT ONS DIENSTE RAAK

24.1 Ons kan met ons dienste begin sodra ons u aansoek goedgekeur het en die partye aan enige verdere voorwaardes wat volgens wet of reg vereis word voldoen is.

23.2 U het die keuse om aflewering van goedere by enige van ons takke of u gekose adres te neem. U kan ook die datum en tyd van aflewering spesifiseer.

23.3 Indien ons nie die dienste of goedere kan verskaf nie, sal ons u dadelik in kennis stel en enige betaling wat binne dertig (30) dae van hierdie kennisgewing gemaak is terugbetaal, op voorwaarde dat u erken dat ons dienste weens onderbrekings van ons elektroniese kommunikasienetwerk of kragonderbrekings, wat buite ons beheer is, tydelik nie beskikbaar mag wees nie. Ons gee u onder hierdie klousule 23 kennis van hierdie onvermydelike onderbrekings en vertragings in die verskaffing van ons dienste en sal u in kennis stel indien geskeduleerde onderhoud 'n onderbreking of 'n vertraging in die voorsiening van dienste sal veroorsaak.

## 24 VERKLARING OOR U FINANSIËLE STATUS

24.1 Deur hierdie ooreenkoms te onderteken, bevestig u dat:

24.1.1 u die inligting wat ons oor u persoonlike, finansiële en rekeningbesonderhede het nagegaan het en u kom ooreen dat ons hierdie inligting mag bevestig;

24.1.2 die inligting wat ons oor u persoonlike, finansiële en rekeningbesonderhede het, korrek is;

24.1.3 u alle inligting wat ons vir hierdie ooreenkoms en oor u persoonlike en finansiële omstandighede van u gevra het, volledig en eerlik verskaf het;

24.1.4 u nie vir 'n administrasiebevel aansoek gedoen het en dat geen administrasiebevel teen u uitgereik is nie;

24.1.5 u nie tans onder skuldberading is of aan skuldhersiening onderworpe is nie:

24.1.6 u nie aansoek gedoen het, en geen bevel vir sekwestrasie, likwidasie of geregtelike bestuur teen u uitgereik is nie;

24.1.7 u nie met enige van u krediteure 'n skikking bereik of probeer het om dit in die algemeen te doen nie, of om die betaling van geld wat u aan hulle skuld, uit te stel nie;

24.1.8 daar geen besigheidsreddingsprosedures, soos in die Maatskappyewet 71 van 2008 bedoel, teen u besigheid begin is nie; en

24.1.9 u verstaan dat indien enige van hierdie verklarings nie waar is nie, dit mag verhoed dat u op sommige van of al u regte kan aanspraak maak.

## 25 DAAR IS ANDER KOSTES VIR DIE GOEDERE

**25.1** Ons het u ingelig dat ander koste wat met die goedere verband hou u paaiemente mag verhoog. Hierdie koste mag die volgende insluit:

25.1.1 lisensiegeld
25.1.2 korttermynversekering
25.1.3 waardetoevoegende produkte (dit is bykomende produkte wat u gekies het, soos bykomende versekering)
25.1.4 kredietlewensversekering.

25.2 U bevestig dat u verstaan hoe hierdie bykomende koste u paaiemente sal beïnvloed en dat u hierdie uitgawes by die lys van uitgawes wat u aan ons verskaf het ingesluit het.

## 26 U HET HIERDIE OOREENKOMS UIT VRYE WIL GETEKEN

U bevestig dat:

26.1 ons u nie gedwing het om hierdie ooreenkoms te teken of tydens die onderhandeling en sluiting van hierdie ooreenkoms enigiets gedoen het wat as onredelik beskou kan word of die ooreenkoms andersins onwettig maak nie;

26.2 Indien ons vir u versekering gereël het, het ons die bepalings en voorwaardes van die versekeringspolis of -polisse wat kragtens hierdie ooreenkoms vereis word, aan u verduidelik;

26.3 daar geen oop ruimtes op die aansoekvorm of hierdie ooreenkoms (die eerste bladsy ingesluit) was toe u elk van hierdie dokumente onderteken het nie;

26.4 indien die aansoek telefonies of elektronies begin is, ons bevestig het dat hierdie ooreenkoms opgeneem mag word en u ons toestemming gegee het om dit te doen. U het ons ook toestemming gegee om binne 'n redelike tyd 'n afskrif van hierdie ooreenkoms aan u te verskaf;

26.5 ons u nie gevra het om enige bykomende ooreenkoms of dokumente waarna daar nie in hierdie ooreenkoms verwys word nie, te onderteken nie; en

26.6 ons nie aan u 'n aanbod gemaak het wat outomaties op 'n ooreenkoms uitloop as u dit nie van die hand wys nie.

## 27 ALGEMENE VERKLARINGS

27.1 U verstaan die risiko's en kostes daaraan verbonde as u die goedere by ons koop.

27.2 U verstaan en kom ooreen dat ons inligting oor u rekenings en u bestuur van u rekenings op versoek aan ander banke en kredietburo's mag bekend maak.

27.3 U verstaan u regte en pligte kragtens hierdie ooreenkoms.

27.4 U het 'n afskrif van hierdie ooreenkoms ontvang. Waar van toepassing het u ook 'n afskrif van die versekeringspolisdokumente en die sekuriteitsdokumente ontvang.

27.5 U het die regsbevoegdheid (en waar van toepassing, die gesag) om hierdie ooreenkoms aan te gaan. Dit beteken vir die doel van hierdie ooreenkoms dat die wet of reg u as bevoeg en gekwalifiseer beskou om hierdie ooreenkoms aan te gaan, met inagneming van, as u 'n individu is, faktore soos u ouderdom, huwelikstatus en geestestoestand, of indien u 'n regspersoon is, faktore soos die relevante bepalings van u stigtingsdokument en, of die persoon wat hierdie ooreenkoms namens u onderteken, gemagtig is om dit te doen.

## 28 U IS BEWUS VAN BEPALINGS MET SPESIFIEKE REGSGEVOLGE

**28.1 Wanneer u hierdie ooreenkoms onderteken of die goedere gebruik, bevestig u die volgende:**

**28.1.1 U het al die bepalings en voorwaardes van hierdie ooreenkoms gelees en verstaan dit.**

**28.1.2 Hierdie ooreenkoms is in die amptelike taal van u keuse opgestel.**

**28.1.3 U het al die bepalings wat in vetdruk gedruk is gelees en u is daarvan bewus.**

Handtekening

**Konfidensieel**

Kontrak Nr: 85399336

ADDENDUM TOT Afbetalingsverkoopooreenkoms AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN DIE VERKOPER EN DIE KOPER WAARDEUR DIE VERKOPER EN DIE KOPER SOOS VOLG OOREENKOM:

1. VERTOLKING

Woorde en uitdrukkings wat in hierdie addendum verval word, sal dieselfde betekenis hê wat daaraan toegeskryf word in die ooreenkoms wat deur die Verkoper en die Koper onderteken is op ("Hoofooreenkoms") en tot welke Hoofooreenkoms hierdie

2. Afbetalingsverkoopooreenkoms BETALINGS

Die Verkoper en die Koper kom hiermee ooreen om die betaalstruktuur soos uiteengesit in die Hoofooreenkoms met die volgende klousule te vervang -

"1.2 Die Verkoper en die Koper kom hiermee ooreen dat die betalings soos volg sal wees:

Vanaf 30/06/2014 'n totaal van 1 Halfjaarliks paaiemente van R12054.60

Vanaf 22/08/2014 'n totaal van 1 Halfjaarliks paaiemente van R13885.81

Vanaf 30/12/2014 'n totaal van 8 Halfjaarliks paaiemente van R12054.60

Vanaf 30/12/2018 'n totaal van 1 Halfjaarliks paaiemente van R12054.60

3. HELE OOREENKOMS

Hierdie addendum tesame met die Hoofooreenkoms maak die hele ooreenkoms tussen die partye uit met betrekking tot die hiervan en geen wysiging, byvoeging, verandering of konsensuele kansellasie van hierdie addendum sal enigsins van krag wees dit op skrif gestel en deur of namens die partye hiertoe onderteken word nie.

GETEKEN te George op 23/5/2014

AS GETUIES:

1. ____________________

2. O.C. VERMEULEN
5010055

Vir en namens die Verkoper
behoorlik daartoe gemagtig

GETEKEN te George op 23/5/2014

AS GETUIES:

1. ____________________

2. O.C. VERMEULEN
5010055

Vir en namens die Koper
behoorlik daartoe gemagtig

Konfidensieel